Gee ag op julleself

In Handelinge 20 spreek Paulus die ouderlinge van die Efesiërs toe. Hy sê vir die ouderlinge dat hulle opsieners en herders is (vers 28). Hulle moet die gemeente van Christus lei en versorg. Dit is 'n groot werk want die gemeente is nie van mense nie, maar die gemeente is van God.

Die predikante en die ouderlinge het 'n groot verantwoordelikheid. Hulle moet op die hele kudde van God ag gee.

- Hulle moet kyk of die skape van Christus mooi loop.
- Hulle moet daarop ag gee dat die skape kos kry dat hulle gevoed word met die Woord van God.
- 'n Skaap wat afdwaal, moet opgesoek word.
- 'n Skaap wat seergekry het, moet versorg en verpleeg word.

Die predikante en die ouderlinge moet die skape van die Here oppas. Om hierdie rede is die werk van 'n predikant en 'n ouderling so baie belangrik. En ook die aanstaande predikante moet oortuig wees van die groot werk wat wag wanneer hulle tot die bediening van die goddelike Woord toegelaat word.

By sy afskeid van die ouderlinge van die Kerk te Efese gee Paulus aan almal wat in die Kerk 'n amp bedien of sal gaan bedien, 'n baie belangrike aanwysing. Paulus sê: Gee dan ag op julleself. Eers moet 'n ampsdraer ag gee op homself, en wanneer hy dit goed doen dan kan hy ook ag gee op die hele kudde van God.

Wanneer Paulus vir die ouderlinge van Efese en ook vir almal wat daarna 'n amp in die Kerk van die Here sal bedien, sê: Gee ag op julleself, dan kan ons daar vyf dinge in lees.

Hulle moet ag gee
a. op hulle hart,
b. op hulle huis,
c. op hulle lewenswandel,
d. op hulle gebedslewe,
e. op hulle geloof.

Die eerste ding wat noodsaaklik is vir 'n ampsdraer en 'n toekomstige ampsdraer is dat hy moet ag gee op **sy eie hart**. Waarom moet hy veral let op sy hart? Die profeet Jeremia gee die antwoord. Ons hart is bedrieglik, sê Jeremia in hoofstuk 17:9 van sy profesie. Dit beteken die hart bedrieg ons. Miskien dink ons dat ons God dien en tog dien ons die sonde. Ons dink dat ons die eer van die Here soek en tog soek ons ons eie eer. Ook kom daar uit die hart slegte gedagtes en booshede, sê Jesus in Markus 7:21-23. En daarom moet ons ag gee op ons hart.

'n Ampsdraer met 'n bedrieglike en bose hart kan nie die kudde van God versorg nie. Hy verwoes die gemeente. So was die hart van Diótrefes. Hy wou die eerste wees (3 Johannes vers 9). Dit is die sonde van die hoogmoed. En hoogmoed is 'n spesiale dominees- en ouderlingesonde. Wat moet met so 'n hart gebeur? Hy moet gereinig word. Ons moet besef dat ons hart onrein en bedrieglik is. Ons moet dit vir die Here bely en ons moet reiniging soek. Christus moet ons hart skoonmaak.

Hoe doen Hy dit?

Die Bybel leer ons dat Hy dit doen deur die geloof:

"*Aangesien Hy hulle harte gereinig het deur die geloof.*"

(Handelinge 15:9)

Deur die geloofsgemeenskap met Christus reinig Hy die bedrieglike hart. Deur 'n innige gemeenskap met Hom word die hart meer en meer rein.

Vervolgens moet 'n ampsdraer en 'n aanstaande ampsdraer ag gee op **sy huis**. As dit in ons huwelik en in ons gesin nie reg is nie, dan kan ons die kudde van God nie versorg nie. Wanneer ons onsself en ons huis nie kan regeer nie dan kan ons ook nie die gemeente van Christus regeer nie. Daarom sê Paulus in 1 Timoteus 3:2-5 baie dinge oor die huwelik en die gesin van 'n ampsdraer. Die huwelikslewe en die huislike lewe van 'n predikant en 'n ouderling moet 'n voorbeeld wees vir die gemeente.

In 'n noue verband hiermee staan die derde punt. Die ampsdraer moet ag gee op **sy lewenswandel**. Dit is ook belangrik hoe sy gedrag is buitekant sy huis wanneer hy werk of by ander mense kuier. Die lewenswandel van 'n ampsdraer moet 'n voorbeeld wees vir die hele gemeente. Paulus skrywe: *Wees my navolgers, soos ek dit ook van Christus is* (1 Korintiërs 11:1). En in Titus 1:7 en 8 gee die apostel verskillende aanwysings vir 'n opsiener van die gemeente.

Daar moet by iedere ampsdraer lewensheiliging wees. Wanneer 'n opsiener van die gemeente hom deeglik reinig, dan sal hy bruikbaar wees vir die Here, toeberei vir elke goeie werk (2 Timoteus 2:21).

Ten vierde is **die gebedslewe** van 'n opsiener ook baie belangrik. Predikante en ouderlinge moet manne van gebed wees. Ons kan dit duidelik sien by Paulus. Die apostel Paulus was 'n man wat baie gebid het in sy lewe. Die onophoudelike gebed het 'n deel uitgemaak van sy bediening. Hy het die gemeentes wat hy gestig en waar by gearbei het, biddend op sy hart gedra. Ons kan dit lees in Romeine 1:9-11; 10:1; Efesiërs 1:16-19; Filíppense 1:4-11; Kolossense 1:9-11 en 1 Thessalonicense 3:10-13.

Maar ons moet leer om te bid in 'n noue verbinding met die Bybel. Dit wil sê: die Woord van God met sy beloftes moet altyd die pleitgrond wees in ons gebede.

Min van die Woord en min gebed is die dood van die geestelike lewe.
Baie van die Woord en min gebed gee 'n sieklike geestelike lewe.
Baie gebed en min van die Woord gee 'n onstandvastige geestelike lewe.

Maar baie van die Woord en baie gebed gee 'n gesonde en kragtige geestelike lewe.

Alle arbeid in die gemeente: die voorbereiding vir die prediking, die huisbesoek, die vergadering van die kerkraad en die vermanings van die lidmate moet gedra word deur die gebed.
En ons moet leer om ons gebedslewe te voed deur die Bybel.

En so kom ons by die laaste punt waarop 'n ampsdraer moet ag gee. Hy moet ook ag gee op **sy geloof**. Hy moet voortdurend daarop let of daar by hom geloofsgroei is en of daar nie verslapping in die geloofslewe ingetree het nie.

Geloof is soos 'n plant wat versorg moet word om te kan groei. Die apostel vermaan die ampsdraer om die verborgenheid van die geloof in ’n rein gewete te bewaar (1 Timoteüs 3:9): Gee ag op julleself, of soos die formulier om die bedienaars van die Woord te bevestig dit so pragtig sê:

> "*Wees 'n voorbeeld vir die gelowiges in woord, in wandel, in liefde, in gees, in geloof, in reinheid. Hou aan met voorlesing, vermaning en lering; en verwaarloos nie die genadegawe wat u gegee is nie. Dink aan hierdie dinge, wees vlytig daarin, sodat vooruitgang vir almal duidelik kan wees. Verdra geduldig alle lyde en verdrukking soos 'n goeie krygsman van Christus; want deur dit te doen, sal uself gered word sowel as die wat u hoor. En wanneer die Opperherder verskyn, sal u die onverwelklike kroon van heerlikheid ontvang.*"

L Floor

© 2014
www.christelikebiblioteek.co.za